



Nuusbrief September 2020

## COVID-19 LOCK DOWN

Geagte Ouer/s

Covid-19 en die grendelstaat het vir Jo-Dolphin – soos vir baie instansies, besighede en huishoudings – skade aangedoen. Die skade is soveel as moontlik beperk deur konserwatief te werk met hulpbronne, sonder om agter te raak met verpligte. Ons het begrip daarvoor dat sommige ouers nie kans gesien het om die maandlikse fooi te betaal vir dagsorgdiens wat nie gelewer kon word nie. Ons het probeer om uit te reik na leerders by hulle huise en het gedurig probeer aanpas by veranderende omstandighede en nuwe realiteite. Baie beplanning wat gedoen is moes weggegooi word voordat dit geïmplimenteer kom word, omdat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling die riglyne kort-kort verander het.

Hierdie inleidende paragraaf net kortlikse agtergrond waarteen ek 'n paar opmerkings wil maak oor merkwaardige leierskap, bestuur en toewyding by Jo-Dolphin sedert die einde van Maart:

Mev Estrellita Geldenhuys se fokus was deurgaans daarop om vir Jo-Dolphin oop te hou, om aangepaste dienste te probeer lewer, om protokol te implimenteer sodat almal by die sentrum veilig en teen die virus beskerm sal wees en om die sentrum so gou as moontlik gereed te kry om leerders terug te ontvang.

Lokale is geruil en meubels is verskuif sodat afstand tussen persone gehandhaaf kan word; registers is opgestel om rekord te hou van temperature en moontlike blootstelling aan siek mense; beskermende drag is aangekoop vir personeel wat leerders moet hanteer en versorg en roosters is opgestel om kontak tussen groepe te beperk.

Die personeel het utube en google ingespan om planne en oplossings te soek waar nodig. Dagprogramme is hersien en aangepas en projekte, om bruikbare artikels van herwinde materiaal te maak, is ontwikkel. Kundigheid is ingekry om



met die aanplant van groente te help en die personeel het 'n gedeelte van die tuin begin omspit en groente aangeplant. Gavin Titus het die nodige staanders gemaak wat handreiniger vrystel as dit getrap word.



Die personeel van Jo-Dolphin het kop en skouers uitgestyg bo die omstandige wat Covid-19 veroorsaak het. Dit was nie maklik nie, maar die uitdagings is oorwin deur te fokus op wat belangrik is, deur bereid te wees om nuut te dink en aan te pas en om gedissiplineerd werksure by Jo-Dolphin deur te bring ten spyte daarvan dat leerders nie toegelaat is nie. Die bestuur het die grootste waardering hiervoor en wil dit graag met trots onder die aandag van die ouers en gemeenskap bring.


Vroeg in Augustus is Me Angolica Snel huis toe gestuur en versoek om haar vir Covid-19 te laat toets nadat sy in moontlike in kontak met die virus was en simptome begin wys het. Die uitslag was positief en hoewel die risiko vir verspreiding baie min was weens die protokol in plek, het DSD die personeel verplicht tot 'n paar dae van self isolasie. Ons is baie dankbaar dat niemand anders siek geword het nie en dat Angolica volkome herstel het.



Die eerste leerders is op 18 Augustus terug verwelkom en gedurende September funksioneer die sentrum goed volgens die nuwe normaal.

Fondsinsameling is hervat met jaffel- en koffie-verkope op Donderdag 10 September. Hierdie baie suksesvolle initiatief word weekliks gedoen met 'n *drive thru*-diens tussen 07h30 en 09h00 sodat die dagprogramma normaal kan voortgaan. Ouers wat ons met hierdie projek kan bystaan moet asb. die sentrumbestuurder kontak. Vele hande maak ligte werk. Voorbereidings word grootliks die vorige dag gedoen, maar jaffels word vars gebak en dan is persone nodig om te bak, te verpak en om kliënte te bedien.





Die bekende "Marinda Engelbrecht" van

Kokkedoorn-faam het Jo-Dolphin genomineer as 'n alledaagse held wat merkwaardige werk gedurende die koronavirus-pandemie gedoen het. 'n Program is oor ons gemaak en'n kontant bedrag van R10 000-00 is ontvang. Dit was 'n wonderlike ervaring en ons het goeie terugvoering ontvang nadat die program op 24 September op die Via kanaal uitgesaai is. Ons is dankbaar vir die blootstelling en die donasie en wil ons oopregte dank uitspreek teenoor Media24 en Via-Die Koevert.

Ons bedank ouers wat getrou skoolgeld betaal het. Vir April en Mei was ons aansoek vir TERS UIF suksesvol vir 'n gedeelte bydra tot die lone en salaris. WCAPD het 'n eenmalige bedrag van R30 000.00 bygedra uit 'n hulpfonds en tesame met die bydraes van enkele getroue donateurs kon alle maandelike uitgawes betaal word.



Furlo Theron het sedert April by die huis gebly weens die risiko wat Covid-19 vir hom inhou. Hy het einde September bedank en ons wens hom groot voorspoed toe vir sy pad vorentoe. Hy was 'n waardevolle lid van ons span en ons bedank hom vir sy jare diens aan Jo-Dolphin.

Furlo en Hilletje Wiehan, 'n plaaslike arbeidsterapeut, is saam besig om dienste en produkte vir fisiese gestremde persone te bemark. Gaan kyk gerus op hulle facebook-blad Grace Adapted Clothing and Aids en webwerf <https://clothesandaidfordisabled.com>.

Mev Astrid Sasman, ouer van Angelo Sasman, doen tydelik diens by ontvangs. Die pos sal geadverteer word en ons hoop om spoedig 'n nuwe aanstelling te maak. Indien moontlik sal ons graag 'n gestremde persoon wil aanstel waar Jo-Dolphin verbind is tot die selfstandigheid en welstand van gestremde persone.

Me Gail Lottering is tans op verlof nadat haar broer skielik oorlede is. Ons diepe meegevoel aan haar en haar familie. Mag God hulle versterk en vertroos in hierdie hartseer tyd.



# ANNUAL GENERAL MEETING

Ons wag net vir die geouditeerde finansiële jaarstate om die datum bekend te maak vir die Algemene Jaarvergadering. Hierdie sal waarskynlik vanjaar via Zoom gehou word, omdat ons die saal gebruik as klaskamer waar daar groter afstand tussen leerders gehandhaaf kan word. By hierdie geleentheid sal nuwe bestuurslede ook verkies word. Mev El-Ray Kotze het reeds in 'n fakature ingeskakel en ons verwelkom haar in die bestuurspan. Sy is reeds 'n bekende by Jo-Dolphin wat die Kindermusik groepsklas borg en aanbied.

Dit was opmerklik hoeveel van die leerders baie van die sosiale- en ander persoonlike vaardighede, wat hulle by die sentrum aangeleer het, verloor het tydens die lang grendelperiode. Hierdie bevestig maar net weer die waarde van roetine en herhaling in die dagprogram van 'n persoon met intelektuele getremdhed.



Die versorgingspan maak reeds goede vordering met hersiening van vaardighede en daar is ook weer begin oefen aan die dienste van die koffiewinkel.

Dit is baie lekker dat die grootste deel van die leerders terug is. Enkele ouers verkies om nog vir die res van hierdie jaar hulle kinders tuis te hou vir veiligheid teen Covid-19 en betaal getrou die maandelikse fooie om die kind se plek te hou. Ouers is welkom om met die sentrumbestuurder te praat oor sulke spesiale reëlings. Kom ons hou kommunikasie oop en maak duidelike afsprake met mekaar om moontlike misverstande te keer.

Ons glo dat die personeel u nog vanjaar aangenaam sal verras met die uitkomste van projekte waarmee hulle tans besig is, maar waaroor ons nie nou wil uitbrei nie.

Met beste wense

(Mev.) Hanlie van Wyk  
Namens die bestuur